**Woensdag 24 Februarie**

**Skrifgedeelte: Handelinge 4:13-22; HK Sondag 7, Vraag 23**
**Fokusgedeelte: Handelinge 4:20**

## Die Apostoliese Geloofsbelydenis

’n Geloofsbelydenis is ’n kort, sistematiese samevatting van die inhoud van ons geloof, ’n samevatting van “alles wat in die evangelie aan ons beloof word” (Antw. 22). Deur so ’n geloofsbelydenis word ons – in die lig van die groot omvang van die Bybel – in staat gestel om gou en maklik aan ander te sê presies wat ons glo. So ’n geloofsbelydenis is in ’n sekere sin onafwendbaar. Wanneer die Heilige Gees die wedergeboorte in jou hart werk en jou innerlik lewendig maak, ontstaan daar spontaan by die mens die drang om so ’n geloof ook te bely. Ons sien dit duidelik by Petrus en Johannes. Toe die Joodse Raad hulle belet het om verder die evangelie te verkondig, het hulle gesê: “*Wat ons betref, dit is onmoontlik om nie te praat oor wat ons gesien en gehoor het nie*” (Hand. 4:20). So ’n belydenis of belydenisskrif het nie groter of meer gesag as die Skrif nie. Daarom mag dit nooit naas of bo die Skrif gestel word nie. Dit is altyd aan God se Woord ondergeskik. Tog het dit gesag, omdat die kerk daarvan oortuig is dat die belydenis in sy geheel op God se Woord gegrond is en in ooreenstemming is met sy Woord. Die Apostoliese Geloofsbelydenis of Twaalf Artikels is een van die ekumeniese (of algemene) belydenisskrifte. Daarmee word bedoel dat dit in bykans al die Christelike kerke as belydenis aanvaar word. Sover bekend is die Grieks-Ortodokse Kerk die enigste uitsondering. Dit is ’n baie ou belydenisskrif in die kerk in die Weste en het rondom die doopformule in Matteus 28:19 ontstaan. Reeds in ongeveer die jaar 150 word hierdie belydenisvorm aangetref. Aan die einde van die tweede eeu het hierdie belydenis in die kerk in Rome bestaan in ’n vorm wat ongeveer 80% met die huidige formulering ooreenkom. Eeue lank is gedink dat die belydenis deur die apostels opgestel is. Daar was selfs ’n legende dat elk van die 12 apostels ’n artikel geskryf het en dit toe tot een belydenis saamgevoeg is. Hoewel dit nie deur die apostels geformuleer en saamgestel is nie, word tog daarvan gepraat as die Apostoliese Geloofsbelydenis, omdat die kerk daarvan oortuig was dat dit “die leer van die apostels” suiwer weergee. Ongeveer die vierde eeu het hierdie belydenis sy finale beslag gekry. Deur die eeue is die meeste kritiek uitgeoefen op die woorde in Artikel 4: “... en neergedaal het na die hel”, omdat dit verkeerdelik die indruk kon skep dat Christus werklik in die hel was. In 2009 het die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika dit vervang met die woorde: “Hy het die lyding van die hel ondergaan”. Dit het gebeur veral toe Hy aan die kruis gehang het (vgl. HK V/A 44).